71511/2 19

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

Vol. 402 PRETORIA, 18 DECEMBER / DESEMBER 1998 No. 19593

## GOVERNMENT NOTICES
## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

### DEPARTMENT OF ARTS, CULTURE, SCIENCE AND TECHNOLOGY
### DEPARTEMENT VAN KUNS, KULTUUR, WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

**No. 1642** **18 December 1998**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

**ENTRIES IN THE REGISTER OF IMMOVABLE CONSERVATION-WORTHY PROPERTY**

In terms of section 5 (1) (cC) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby enters in the official register the immovable property as fully described in the Schedule hereto, and which the Council regards as conservation-worthy on account of its historical, cultural or aesthetic interest.

**SCHEDULE**

1. The property known as the St Peter's Cemetery, situated on Erven 27606, 27610 and 27609, at Main Road, Mowbray, Cape Town.
2. The building known as the Van der Bijl House, situated on Erf 11287, at 37A Market Street, Stellenbosch.
3. The late-nineteenth century house situated on Erf 4611, at 5 Malan Street, Paarl.
4. A portion of the original Michell's Pass which was built by Andrew Geddes Bain between 1846 and 1848, starting at point A, being the point where the railway line between Wolseley and Ceres crosses the main road (Main Road 22, Route 46); thence for 840 metres in a northerly direction, including the statutory road reserve of 30 metres to point B, the position where the so-called old Jan Mostert's Road (a pass built in 1765 by Jan Mostert) crosses the current main road; and the visible portions of Jan Mostert's Road, as well as the ruin which probably was the toll

house, starting at the above-mentioned point B; thence for 589 metres in a northerly direction to point C, being a point on the old Jan Mostert's Road, 250 metres north of the ruin, including the road reserve of 30 metres, all situated on the Remainder of Erf 1001, Ceres District.

5. The building complex consisting of the dwelling-house and three outbuildings, situated on the farm Welgegund 300, in the Wellington District.
6. The property with the building known as Tindall House thereon, being Erf 106, situated on the corner of Tindall and Buitenkant Sreets, McGregor.
7. The buildings known as Shri Siva Subramanier and Marramman Aulayam, situated on Erf 85, at Upper Valley Road, South End, Port Elizabeth.
8. The dwelling-house known as Herewood House, situated on Erf 2594, at 15 Pearson Street, Port Elizabeth.
9. The building known as the Dutch Reformed Church, situated on Erven 304 and 314, on the corner of Voortrekker and Station Streets, Indwe.
10. The building known as the Apollo Theatre, situated on Erf 250, at 88 Church Street, Victoria West.
11. The Art Deco buildings known as Villa Guy, Peter's Place and Dudley Court, situated on the Remainder of Erf 485, Erven 602 and 639 and Portions 1 and 2 of Erf 639, at Seventh Avenue, Parktown North, Johannesburg.
12. The farmhouse situated on Portion 49 of the farm Renosterspruit 326, in the Klerksdorp District.
13. The building known as the "Ou Plaas" Guesthouse, with 10 metres of surrounding land, situated on the farm Holfontein 147, in the Lichtenburg District.

**G. S. HOFMEYR**

**Director: National Monuments Council**

---

**No. 1642** **18 Desember 1998**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

**INSKRYWINGS IN DIE REGISTER VAN ONROERENDE BEWARENSWAARDIGE GOED**

Kragtens artikel 5 (1) (cC) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), maak die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hiermee in die amptelike register 'n inskrywing van die onroerende goed, soos in die bylae hiervan volledig beskryf word, en wat die Raad as bewarenswaardig ag vanweë die historiese, kulturele of estetiese belang daarvan.

## BYLAE

1. Die eiendom bekend as die St Peter's Begraafplaas, geleë op Erwe 27606, 27610 en 27609, te Hoofweg, Mowbray, Kaapstad.
2. Die gebou bekend as die Van der Bijlhuis, geleë op Erf 11287, te Markstraat 37A, Stellenbosch.
3. Die laat-negentiende-eeuse woning geleë op Erf 4611, te Malanstraat 5, Paarl.
4. 'n Gedeelte van die oorspronklike Michellspas wat tussen 1846 en 1848 deur Andrew Geddes Bain gebou is, beginnende by punt A, synde die punt waar die spoorlyn tussen Wolseley en Ceres die hoofpad (Grootpad 22, Roete 46) kruis; daarvandaan vir 840 meter in 'n noordelike rigting, met insluiting van die statutêre padreserwe van 30 meter tot by punt B, die posisie waar die sogenaamde ou Jan Mostert se pad ('n pas wat 1765 deur Jan Mostert gebou is), die huidige hoofpad kruis; en die sigbare gedeeltes van Jan Mostert se pad, asook die ruïne wat waarskynlik die tolhuis was, beginnende by bogenoemde punt B; daarvandaan vir 589 meter in 'n noordelike rigting tot by punt C, synde 'n punt op die ou Jan Mostertpad, 250 meter noord van die ruïne, met insluiting van die padreserwe van 30 meter, alles geleë op die Restant van Erf 1001, distrik Ceres.
5. Die geboue-kompleks bestaande uit die woonhuis en drie buitegeboue, geleë op die plaas Welgegund 300, in die distrik Wellington.
6. Die eiendom met die gebou bekend as Tindallhuis daarop, synde Erf 106, geleë op die hoek van Tindall- en Buitenkantstraat, McGregor.
7. Die geboue bekend as Shri Siva Subramanier en Mariamman Aulayam, geleë op Erf 85, te Upper Valleyweg, South End, Port Elizabeth.
8. Die woonhuis bekend as Herewoodhuis, geleë op Erf 2594, te Pearsonstraat 15, Port Elizabeth.
9. Die gebou bekend as die Nederduitse Gereformeerde Kerk, geleë op Erwe 304 en 314, op die hoek van Voortrekker- en Stasiestraat, Indwe.
10. Die gebou bekend as die Apolloteater, geleë op Erf 250, te Kerkstraat 88, Victoria-Wes.
11. Die Art Deco-geboue bekend as Villa Guy, Peter's Place en Dudley Court, geleë op die Restant van Erf 485, Erwe 602 en 639 en Gedeeltes 1 en 2 van Erf 639, te Sewende Laan, Parktown-Noord, Johannesburg.

12. Die plaashuis geleë op Gedeelte 49 van die plaas Renosterspruit 326, in die distrik Klerksdorp.
13. Die gebou bekend as die Ou Plaas-gastehuis, met tien meter grond daaromheen, geleë op die plaas Holfontein 147, in die distrik Lichtenburg.

**G. S. HOFMEYR**

**Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede**

---

**No. 1643** **18 December 1998**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969 9/2/259/4

**DELETION OF ENTRY FROM THE REGISTER OF IMMOVABLE CONSERVATION-WORTHY PROPERTY**

In terms of section 5 (1) (cC) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby deletes from the official Register of Immovable Conservation-worthy Property Entry No. 3 of Government Notice No. 280, dated 18 February 1994, regarding the building known as Hy-Many House, situated on Erf 3564, at 22 Frangipani Street, Randparkrif, Randburg.

**G. S. HOFMEYR**

**Director: National Monuments Council**

---

**No. 1643** **18 Desember 1998**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

**SKRAPPING VAN INSKRYWING VAN DIE REGISTER VAN ONROERENDE BEWARENSWAARDIGE GOED**

Kragtens artikel 5 (1) (cC) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), skrap die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hiermee van die amptelike Register van Onroerende Bewarenswaardige Goed Inskrywing No. 3 van Goewermentskennisgewing No. 280, gedateer 18 Februarie 1994, in verband met die gebou bekend as Hy-Many House, geleë op Erf 3564, te Frangipanistraat 22, Randparkrif, Randburg.

**G. S. HOFMEYR**

**Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede**

---

# DEPARTMENT OF LAND AFFAIRS
# DEPARTEMENT VAN GRONDSAKE

**No. 1662** **18 December 1998**

**APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE COMMUNAL PROPERTY ASSOCIATIONS ACT, 1996, TO A SIMILAR ENTITY**

Under section 2 (3) of the Communal Property Associations Act, 1996 (Act No. 28 of 1996), I, Derek André Hanekom, Minister of Land Affairs, hereby make the provisions of sections 8, 9, 10, 11, 12, 14 and 16 of the said Act applicable to the Cremin Land Trust (registration number IT 2641/97).

**D. A. HANEKOM**

**Minister of Land Affairs**

---

**No. 1662** **18 Desember 1998**

**TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP VERENIGINGS VIR GEMEENSKAPLIKE EIENDOM, 1996, OP 'N SOORTGELYKE ENTITEIT**

Kragtens artikel 2 (3) van die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (Wet No. 28 van 1996), maak ek, Derek André Hanekom, Minister van Grondsake, hierby die bepalings van artikels 8, 9, 10, 11, 12, 14 en 16 van gemelde Wet van toepassing op die Cremin Land Trust (registrasienommer IT 2641/97).

**D. A. HANEKOM**

**Minister van Grondsake**